

KINDERKERK LES: Daniël in die leeu kuil

Doel van les:

- Vyfde les in ons reeks oor Daniël en sy vriende. Nadat hulle hierdie reeks voltooi het, sal hulle leer dat om 'n heilige en skoon lewe te leef 'n sterk en Goddelike reputasie bou.

Ysbreker: Paaie: Voor die klas begin, maak drie lyne op die vloer van die klas waarop die kinders gaan loop soos op 'n balanseer balk. Maak een van die lyne reguit en die ander skeef en kronkelrig. Gee vir elkeen in die klas kans om op al drie lyne te loop. Sodra elkeen 'n kans gehad het, laat kinders gaan sit.

Vra: Watter paadjie was die maklikste om te stap?

Die reguit paadjie was sekerlik die maklikste vir meeste van julle. In die Bybel is daar 'n vers in Spreuke wat sê “Ken God in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop”. Die vers beteken dat wanneer ons styf vashou aan God en doen wat Hy wil hê, Hy ons sal help om op die regte pad te stap en ons sal help om reg te leef. Vandag gaan ons bietjie meer oor Daniël gesels, en toe dinge baie moeilik vir hom was, hy besluit het om steeds God se pad te stap. Ons gaan leer hoe God vir Daniël gehelp het.

Die storie se naam is Daniël in die leeu kuil. So elke keer wanneer ons die woord leeu hoor, gaan ons brul soos leeus. Kom laat ek hoor hoe hard julle kan brul.

Bybelstorie - Daniël in die Leeu kuil – Daniël 6

Daniël is 'n Israeliet. Hy woon in 'n vreemde land. Die mense daar in Babilon aanbid afgode. Maar Daniël is lief vir die Here. En die Here help hom om slim en eerlik te wees. Die koning van Babilon hou van Daniël. Hy sê: “Ek gaan jou my belangrikste minister maak en almal moet na jou luister.”

Die mense is jaloers en sê: “Daniël is 'n Israeliet. Waarom moet hy ons baas wees?” **(Wat dink julle beteken dit om jaloers te wees?)** Hulle sien Daniël bid elke dag tot God. Hulle gaan na die koning en sê: “U moet 'n wet maak dat almal net vir u aanbid, anders moet hulle vir die leeus gegooi word.” **(Kinders moet brul)**

Die koning hou daarvan om belangrik te wees en sê: “Dis 'n goeie plan.” Toe maak hy die wet. Hy weet nie hulle wil vir Daniël doodmaak nie. **(Wat sou julle gedoen het as julle Daniël was? Sou julle nog gebid het of sou julle te bang gewees het vir die leeus?)**

Daniël hoor ook van die wet, en hy bid: “Here, help my teen die slegte mense.” Haastig gaan die slegte mense na die koning en sê: “U moet Daniël in die leeu kuil gooi. Hy genoorsaam nie u wet nie. Hy bid elke dag tot sy God.”

Die koning is hartseer. Hy wil Daniël red, maar die slegte mense sê: “U het self die wet gemaak”. Nou kan die koning niks doen nie. Hy sê: Daniël, ek hoop jou God sal jou help.” Toe gooi die soldate Daniël in die leeu kuil. **(Kinders moet brul) (Hoe dink julle het Daniël gevoel toe hy in daardie leeu kuil gegooi is?)** Ek gaan julle iets vertel. God het 'n engel gestuur om die monde van die leeus toe te maak dat hulle nie Daniël opeet nie. Ek gaan ook nou stap en aan al hierdie honger leeus wat heelyd so in die klas brul se koppe raak en nou mag julle glad nie verder brul nie, al hoor julle die woord leeu.

Vroeg die volgende môre gaan die koning na die leeu kuil en roep: “Daniël? Daniël?” Hy luister...en toe hoor hy Daniël se stem. Daniël leef! Die leeus het niks aan hom gedoen nie, want 'n engel van die Here het gekom en die bekke van die leeus toegemaak. Die koning maak 'n nuwe wet en sê: “Daniël se God is die lewende God. Hy kan wonders doen. Van nou af moet almal Hom aanbid.”

Die mense wat so jaloers was op Daniël se planne het nie so goed gewerk nie. God het Daniël beskerm.

Verhaal geneem uit: Ons eie kleuterbybel, bl 83-85, Juliana Nothnagel en Johann Strauss

Wat kan ons leer van hierdie storie van Daniël? Ek is seker dat Daniël bang was vir die leeus, maar hy het gekies om steeds tot God te bid. Hy het geweet dat dit beter is om na God te luister as na mense.

Aktiwiteit 1: Deel kinders in twee gelyke groepe. Sit in twee bakkies stukkies watte. Sit op die punt van elke kind se neus 'n bietjie vaseline. Die twee spanne moet nou hardloop na die bakkies met watte in, hul neuse in die watte druk, en een stukkie watte kry om vas te sit aan hul neus. Sodra dit vassit, moet hul terughardloop na hul groep, met die watte op die neus, en die groepleier moet dit afhaal.. Speletjie gaan aan totdat elkeen 'n beurt gehad het. Kyk watter groepleier is eerste klaar.

Sê: Net soos daardie watte aan julle neuse vasgesit het, moet ons altyd onthou om aan God vas te hou. Ons moet doen wat Hy vir ons sê om te doen. Soms mag ons dalk bang wees, maar ons kan altyd onthou dat God by ons is, en ons sterk maak om die moeilike dinge te doen. Soms mag dit moeilik voel om vir ander van Jesus te vertel, of vir iemand te vertel jy word geboelie oor jy bang is vir die boelie, maar ons kan weet God help ons en maak ons sterk.

Aktiwiteit 2: (Indien daar tyd is) Gee vir elke kind 'n inkleurblaai. Laat hulle dit inkleur en plak dan oor elke leeu se mond kleeflint om te wys hoe die engel die leeus se monde toegemaak het.

Sluit af met gebed in groepe.



© Crafting The Word Of God